HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleme wat die hedendaagse univer= siteit ondervind kortliks as agtergrond vir die ondersoek ge= skets. Vervolgens word die doel van die ondersoek gestel, die faktore wat tot die ondersoek aanleiding gegee het, bespreek en die metode van ondersoek kortliks geskets. Ten slotte sal aan= gedui word hoe die hoofstukke op mekaar volg en wat in elke hoof= stuk behandel sal word.

## 1.2 PROBLEEMFORMULERING

### 1.2.1 PROBLEME RONDOM DIE HEDENDAAGSE UNIVERSITEIT

Sedert die vestiging van universiteite in die Middeleeue het universiteite voortdurend verander weens kragte wat daarop inge= werk het. In die laaste twee of drie dekades was die veranderin= ge egter so dramaties dat daar vry algemeen van "die universiteit in krisis" gepraat word (Du Plessis, 1967, p. 1 - 2; Kerr, 1969, p. 8 - 16; Marais, 1975, p. 2 - 4; Moberley, 1949, p. 1 en 293; Van der Leew, 1951, p. 604 - 610).

Faktore wat hierdie veranderinge teweeggebring het, was veral die volgende (vgl. veral Bingle, 1969; Brook, 1965; Duvenage, 1973; Kerr, 1969 en 1972; Kotschnig, 1969; Jones, 1972; Pauw, 1975 en Van der Stoep, 1973):

a. Die demokratisering van die onderwys en die verhoging in die lewenstandaard (veral in die Westerse wêreld) het 'n skerp toename in studentegetalle veroorsaak. Die studente wat van= dag na die universiteite stroom, is gevolglik minder geselek= teerd as in die verlede. Die beroepe wat hulle wil volg, is van 'n baie meer diverse aard en hul motiewe vir die verkry= ging van 'n universiteitsgraad is baie meer beroepsgerig.

b. Die hoër kostes verbonde aan die hedendaagse universiteit bring mee dat feitlik geen universiteit kan bestaan sonder sterk staatsondersteuning nie. Omdat die staat universiteite subsidieer, voel die belastingbetaler dat hy ook seggenskap in die saak het. In hierdie verband sê Jones (1972, p.91) dat die moderne universiteit 'n sigbare deel van die alledaagse lewe is. Sy doen en late word daagliks verhoor in die howe van die media vir beoordeling deur die gewone man wat weet - en dit ook laat blyk - dat hy daarvoor betaal.

c. Die algemene publiek, wat al sterker by die universiteit be=trokke raak deur middel van belastings en sy kinders wat die universiteit besoek, vra al meer na die produktiwiteit van universiteite. Die maatstaf wat normaalweg aangewend word om "akademiese produktiwiteit" (vgl. 1.2.2 vir 'n definisie) van 'n inrigting te bepaal, is die persentasie studente wat slaag en in besonder dié van eerstejaarstudente.

d. Van die universiteit word toenemend verwag om introspeksie te hou, sy onderrigmetodes te verbeter, dosente op te lei vir die onderwys, dosent-studentverhoudings te verbeter, slaag=persentasies te verhoog en goedopgeleide beroepslui te lewer.

e. Die gemeenskap se beroep op relevansie in opleiding aan uni=versiteite is baie sterk. Met relevante opleiding word ge=woonlik beroepsgerigte opleiding bedoel. Die gevolg hiervan is kompartementalisering van die leerstof en sterk spesiali=sasie. As gevolg van die spesialisasie kom die universiteit se tradisionele funksie van breë wetenskapsbeoefening sterk in die gedrang, asook kultuuroordrag, algemene vorming en sy breë lewensbeskoulike onderbou.

f. Kontraktuele opleiding, soos dié van onderwysers, lê die universiteit nog verder aan bande.[1]

---

1. Vir meer inligting oor die probleme van die moderne universi=teit, vgl. hoofstuk 2.

Voorafgaande geld vir alle universiteite en ook vir die Potchef= stroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wat verder die fokuspunt van hierdie ondersoek word.

Die RSA beleef tans, soos die hele Westerse wêreld, 'n resessie en daar word voortdurend 'n beroep gedoen op verhoogde produktiwi= teit en die beste benutting van die beskikbare mannekrag. Om hierdie en ander redes, wat hierbo genoem is, is dit gepas dat die universiteit van tyd tot tyd vasstel in watter mate hy aka= demies "produktief" is en watter maatreëls getref kan word om sy akademiese produktiwiteit te verhoog. In 1966 het die Sentrale Opnamekomitee van die Senaat van die PU vir CHO onder leiding van prof. S.J. Preller 'n uitvoerige verslag oor akademiese en aanver= wante aangeleenthede aan die PU vir CHO die lig laat sien (vgl. PU vir CHO, 1966). Intussen het 'n dekade verloop waarin die PU vir CHO geweldig uitgebrei het, toestande baie verander het en nuwe eise aan die universiteit gestel word. In die lig van bo= genoemde het 'n ondersoek na die akademiese produktiwiteit aan die PU vir CHO noodsaaklik geword.

## 1.2.2 AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die akademiese pro= duktiwiteit van 'n universiteit gedefinieer as dié persentasie van die eerstejaarstudente wat in 'n betrokke jaar vir die eerste keer by die universiteit ingeskryf het, wat later die grade of diplo= mas waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf, en in welke tydsduur.[1)]

Die faktore wat akademiese prestasies van studente kan beïnvloed, is uiteenlopend en talryk en net die belangrikste kan genoem word.

Faktore wat akademiese prestasie kan beïnvloed en wat verband hou met die onderrigsituasie is, onder meer onderrigmetodes, klasgrootte, studiemetodes, onderrigbekwaamheid van dosente, hoe gereeld en op welke wyse toetsing en eksaminering plaasvind, ver= eistes wat gestel word vir toelating tot studie, voorligting wat

---

1. Vir meer inligting oor akademiese produktiwiteit, vgl. 3.2.

ontvang is voor en tydens studie aan die universiteit, asook die studierigting wat gevolg word en aan watter universiteit studeer word (vgl. Botha, 1974; Brook, 1965; Crittenden en Norr, 1975; Groot-Brittanje, 1964; Miller, 1970; R.S.A.,1974 en Stanton, 1973).

Van die belangrikste kognitiewe faktore is intellektuele vermoë, die lees- en taalvermoë en die skolastiese onderbou soos blyk uit die student se prestasies in standerd 10 (vgl. Gouws, 1961; Kruger, 1972 en Van Niekerk, 1972b).

Affektiewe en persoonlikheidsfaktore wat 'n rol kan speel, is die gesindheid van die student teenoor die studie, dosente en voog= dosente, die universiteit, die kerk en geloofslewe; sy beroepse= kerheid; sy gemotiveerdheid tot studie; sy omgang met die teen= oorgestelde geslag; sy geslag en sy ouderdom (vgl. Bruwer, 1973; Coetzee, 1974; Combrink, 1970; Gouws, 1961; Smit, 1971; Van Niekerk, 1972b en Visser, 1968).

Fisiese omstandighede en ander faktore wat 'n rol kan speel, is verblyfplek, die besit van 'n motorvoertuig, die finansiële po= sisie van die student, hoe gereeld en hoe lank daar gedurende die akademiese jaar van die universiteit weggegaan word, militêre diensplig en deelname aan sport en ander studente-aktiwiteite (vgl. Erens, 1977; Garbers en Faure, 1972; Goosen, 1958 en Möller, 1965).

By 'n ondersoek na faktore wat die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO beïnvloed, sal bogenoemde faktore in gedagte gehou moet word.

## 1.3 ONTSTAAN VAN DIE SPESIFIEKE PROBLEEM

Op 'n fakulteitsraadvergadering van die fakulteit Lettere en Wys= begeerte van die PU vir CHO, wat op 31 Julie 1974 gehou is, is 'n daling in die akademiese prestasies van studente tydens die Ju= nie-eksamen gerapporteer. Daar is besluit om by die Senaat van die universiteit aan te beveel om die saak te bespreek (vgl. PU vir CHO, 1974a, art. 33).

Op die eersvolgende Senaatsvergadering, wat op 4 September 1974 gehou is, is bogemelde aangeleentheid bespreek en is aan die Uit=voerende Komitee opgedra om ŉ kommissie te benoem om akademiese prestasies van voorgraadse studente aan die universiteit in al sy fasette te ondersoek (vgl. PU vir CHO, 1974b, art. 11.4.1.17).

Op ŉ Uitvoerende Komiteevergadering, wat op 24 Oktober 1974 gehou is (vgl. PU vir CHO, 1974c, art. 8), is van die opdrag kennis ge=neem en op die twee daaropvolgende vergaderings van die Uitvoeren=de Komitee het die saak oorgestaan (1975.03.20 en 1975.05.28).

Die fokus op studieprestasies van studente het veral in 1975 baie sterk na die eerstejaarstudent op die PU vir CHO verskuif en wel veral as gevolg van ŉ bespreking in die Volksraad op 25 Februarie 1975. Dr. F. van Z. Slabbert het naamlik aan die Minister van Nasionale Opvoeding die volgende vrae gestel:

1. Wat is die totale getal eerstejaarstudente wat aan die begin van die akademiese jaar 1974 aan elke universiteit, behalwe die Universiteit van Suid-Afrika, ingeskryf was?
2. Hoeveel van dié studente aan elke universiteit het aan die ein=de van 1974 in al hul eksamens gesak? (vgl. RSA, 1975a, p. 270).

Die Minister van Gesondheid, van Beplanning en die Omgewing en van Statistiek het namens die Minister van Nasionale Opvoeding die volgende antwoorde verstrek (RSA, 1975a, p. 270): (Vgl. tabel 1.1 op p.6).

Volgens tabel 1.1 is die druipsyfer (persentasiegewys) aan die PU vir CHO die hoogste onder al die universiteite. Hoewel die vraag baie vaag gestel is (wat word bedoel met "al die eksamens gesak") en daar verskillende maniere is waarop die druipsyfer on=der eerstejaarstudente bereken kan word (vgl. 5.2), het hierdie syfers die PU vir CHO in ŉ swak lig gestel. Die noodsaaklikheid van ŉ grondige studie van die PU vir CHO se akademiese produktiwi=teit en van die faktore wat dit beïnvloed, het as gevolg hiervan sterk na vore gekom. Afgesien van gereelde kommentaar in die nuus=media oor die kwessie van hoë druipsyfers onder eerstejaarstuden=te is die saak ook weer in 1976 in die Volksraad geopper (vgl.

TABEL 1.1

AANTAL EERSTEJAARSTUDENTE IN 1974 AAN UNIVERSITEITE VIR BLANKES IN DIE RSA EN DIE AANTAL DRUIPELINGE*

| Universiteit | (1) Getal eerstejaarstudente | (2) Getal druipelinge | (2) as % van (1) |
|---|---|---|---|
| Universiteit van die Oranje-Vrystaat | 1 984 | 111 | 6 |
| Universiteit van Pretoria | 3 099 | 306 | 10 |
| Universiteit van Stellenbosch | 2 285 | 133 | 6 |
| Randse Afrikaanse Universiteit | 752 | 8 | 1 |
| Universiteit van Kaapstad | 1 980 | 336 | 17 |
| Natalse Universiteit | 2 646 | 224 | 8 |
| Rhodes-Universiteit | 709 | 53 | 7 |
| Universiteit van die Witwatersrand | 2 203 | 393 | 18 |
| Universiteit van Port Elizabeth | 626 | 47 | 8 |
| PU vir CHO | 1 644 | 342 | 21 |

* RSA, 1976a, p. 270.

RSA,1976a, p. 1619, 1626, 1627 en 1650).

In die lig van voorgaande en die Senaatsbesluit van 1974 het die Uitvoerende Komitee van die PU vir CHO op 20 Augustus 1975 besluit om by die Senaat aan te beveel dat 'n omvattende ondersoek na die hele aangeleentheid ingestel moet word en dat dr. P.J. van Zyl die ondersoek sal hanteer onder toesig van prof. S.J. Preller (vgl. PU vir CHO, 1975a). Die Raad van die PU vir CHO het die besluit ook bekragtig (vgl. PU vir CHO, 1975b, art. 5). Op 'n Uitvoerende Komiteevergadering, wat op 10 Maart 1976 gehou is, word gerapporteer dat dr. Van Zyl die PU vir CHO se diens verlaat het en word daar aanbeveel dat mnr. S.J.P. du Plessis onder lei=

ding van die Rektor en prof. S.J. Preller die ondersoek moet on= derneem (vgl. PU vir CHO, 1976, art. 4).

## 1.4 DOEL

Jaarliks sak daar aan die PU vir CHO, soos aan ander universi= teite in die RSA, en in die res van die wêreld, 'n groot persen= tasie studente. Vir die staat en maatskappy verteenwoordig dit 'n groot finansiële verlies, terwyl die studente en mense wat in hulle belang stel en hulle onderhou ook daaronder lei.

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel hoedanig die akademiese produktiwiteit aan die PU vir CHO is en watter faktore 'n invloed daarop uitoefen sodat voorstelle ter verbetering gemaak kan word.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Die metode van ondersoek wat gevolg is, sluit aan by die doelstel= ling van die ondersoek.

Eerstens is 'n literatuurondersoek gedoen oor die herkoms, wese en funksies van die universiteit, die probleme van die moderne universiteit, die akademiese produktiwiteite in die Republiek van Suid-Afrika en elders in die wêreld, asook oor faktore wat akade= miese produktiwiteit beïnvloed.

Om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO te bepaal, is die rekordkaarte, waarop die akademiese rekord van die student voorkom, vir elke student wat tussen 1962 en 1976 ingeskryf het, individueel nagegaan. Verdere besonderhede hiervan verskyn in hoofstukke 5 tot 7 van hierdie ondersoek.

Vraelyste is gebruik om inligting betreffende studente aan die PU vir CHO te verkry asook hul menings omtrent sake wat in die ondersoek vervat is. Aangesien die studente vir die doel van hierdie ondersoek in talryke kategorieë verdeel kan word en wel volgens geslag, plek van inwoning, studierigting, besit van 'n

motor al dan nie, deelname aan sport en verenigingslewe, enso=voorts, is die hele populasie voltydse voorgraadse studente by die vraelyste betrek, naamlik:

i) al die voltydse eerstejaarstudente aan die PU vir CHO in 1976 en

ii) alle voltydse akademiese tweede- en derdejaarstudente aan die PU vir CHO in 1977.

Benewens die genoemde groepe is ook alle nagraadse onderwysdiplo=mastudente wat in 1977 aan die PU vir CHO gestudeer het, betrek.

Voordat die vraelyste opgestel is, is onderhoude gevoer met die Rektor, die Studente-adviseur en 'n groot aantal senior dosente en studente van die PU vir CHO. Verder is alle akademiese per=soneellede verbonde aan die PU vir CHO versoek om hul menings oor faktore wat akademiese produktiwiteit kan beïnvloed skriftelik aan die navorsingskomitee voor te lê om die ondersoek so omvattend as moontlik te maak.

Vervolgens is alle akademiese personeellede wat in 1976 aan die PU vir CHO verbonde was, versoek om vraelyste in te vul sodat hul menings oor sake rakende die akademiese produktiwiteit aan die PU vir CHO verkry kon word.

Daar is derhalwe nie met steekproewe nie, maar met hele popula=sies gewerk.

## 1.6 PROGRAM VAN DIE ONDERSOEK

In hoofstuk 2 word 'n oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die universiteit gegee asook 'n bespreking van die wese en funk=sies van die universiteit. Die ontstaan en ontwikkeling van die PU vir CHO word kortliks geskets en die wese en funksies van die Christelike universiteit en van die PU vir CHO in die besonder word bespreek. Vervolgens word die eise wat aan die moderne uni=versiteit gestel word van nader beskou asook die probleme wat die hedendaagse universiteit ondervind.

In hoofstuk 3 word akademiese produktiwiteit in die algemeen en

aan die PU vir CHO in die besonder ondersoek.

Faktore wat akademiese produktiwiteit beïnvloed, word in hoof= stuk 4 bespreek.

In hoofstuk 5 word die metode van ondersoek bespreek.

Die bevindinge rakende eerstejaarstudente aan die PU vir CHO en aanbevelings om akademiese prestasies van eerstejaars te verhoog, sal in hoofstuk 6 aan die orde kom.

Bevindinge en aanbevelings rakende die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO en die akademiese prestasies van tweede- en derdejaarstudente word in hoofstuk 7 behandel.

In hoofstuk 8 word 'n samevatting van die ondersoek gegee en word finale gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.